OVERBERG
WEALTH & RISK MANAGEMENT

9 April 2020

Beste Kliënt

Die implikasies van COVID-19 op individue, besighede en ekonomieë verander teen 'n eksponensiële tempo. Terwyl daar vele onbekende en unieke uitdagings mag wees, is Overberg Wealth & Risk Managament (OWRM) daartoe verbind om u te help om deur hierdie onsekere tydperk te kom met minimale verlies en ongerief.

Alle sektore van die besigheid oor die hele wêreld is besig om verskillende opsies te ondersoek om verligting aan hul kliënte te voorsien en self volhoubaar te bly. Die versekeringsbedryf is nie anders nie. Gedurende die laaste paar dae het van ons vooraanstaande versekeraars verskeie ondersteuningspakkette en planne beskikbaar gestel. Kontak gerus u versekeringsmakelaar of u naaste OWRM kantoor vir verdere navrae. Die OWRM kantore is steeds operasioneel en word deur die personeel vanaf hulle wonings gediens. Aangesien die totale versekeringsbedryf meestal vanaf privaat wonings funksioneer, kan daar 'n impak wees op die omkeertye van dienslewering, maar ons monitor en bestuur alle prosesse waar moontlik. Inligting kan ook gevind word op ons webwerf www.overbergwrm.co.za asook op ons Facebook bladsy www.facebook.com/overbergwealthandrisk.

Sedert die inperking aangekondig is, is ons is oorval met verskeie navrae wat ons in 'n praktiese dokument opgesom het:

Gereëlde vrae:

(Hierdie vrae sal ook op ons webwerf www.overbergwrm.co.za geplaas word vir toekomstige verwysing.)

V: Moet ek my korttermyn versekering kanselleer tydens die inperking?

Nee, alhoewel ons onder inperking verkeer, beteken dit nie dat die gevare waarteen ons verseker is, soos bv. brand, waterskade, diefstal, nie meer bestaan nie. Kansellasie van u versekering sou onmiddellik die risiko na uself oordra. U mag moonlik ook kontrakte met ander kredietverskaffers aangegaan het, wat vereis dat die bates omvattend verseker moet wees.

V: Kan ek my premie verminder sonder om my versekering te kanselleer?

Ja, verskillende tipe dekkings is beskikbaar op die meeste afdelings van u versekeringspolis. Tipiese voorbeelde sou wees dat die blootstelling t.o.v. inbraak en motorvoertuigongelukke verminder het, asook die gebruiksklas van u voertuig. Kontak gerus u versekeringsmakelaar vir die herstrukturering van u versekeringsportefeulje.

V: Sal my werkgewer se hardeware & en ander toerusting in my huis gedek word?

Sommige versekeraars het hul versekeringkontrakte uitgebrei om werkgewerstoerusting in te sluit terwyl dit tydelik op die perseel van hul werknemers gestoor/gebruik word. Dit sal egter ook deur u spesifieke versekeraar bevestig moet word.

V: Watter ander blootstelling sou ek hê as 'n werkgewer "werk van die huis" toelaat?

Hoewel fisiese skade aan toerusting soos brand, toevallige skade en diefstal 'n groot bron van kommer is en op 'n kommersiële polis gedek moet word, is die skielike blootstelling aan kubermisdaad (cybercrime) net so belangrik. Kuberkrakers (hackers) is baie bewus daarvan dat werknemers nie noodwendig die nodige sekuriteitsstelsels in plek het nie en sal dus poog om persoonlike besonderhede van die kliënte te verkry. Verseker dat sekuriteitstelsels/maatreëls gehandhaaf en verhoog word. Dekking teen kubermisdaadblootstelling kan met u versekeringsmakelaar bespreek word.

V: Indien ek sake onderbrekingdekking dekking het, sal dit dekking verleen teen verliese in my besigheid as gevolg van die COVID-19 uitbreking?

Sake onderbreking verskaf dekking teen verliese wat kliënte kan ly as gevolg van hul besighede wat onderbreek word na 'n gebeurtenis waarvoor hulle dekking uitgeneem het, soos bv. brand, aardbewing of storms. Dit beteken dat daar geen dekking teen sake onderbreking is wat veroorsaak word deur onversekerde gebeurtenisse, soos 'n ekonomiese krisis of 'n virale pandemie nie. Dit is nie uniek aan spesifieke polisse nie en is dit die algemene norm op korttermynversekeringspolisse regoor die wêreld.

Polisse kan wel uitgebrei word op die Sake onderbrekingsafdeling om dekking te bied teen verliese wat voortspruit uit "voorkoming of weiering van toegang" – hierdie uitbreiding sal egter ook onderworpe wees indien daar skade veroorsaak word aan u eiendom deur 'n versekerde gebeurtenis.

V: Wat van al die kansellasies van bestellings wat ek van my kliënte ontvang?

Baie van die navrae wat ons ontvang het, hou verband met verliese as gevolg van bestellings wat gekanselleer word as gevolg van die pandemie. Ten einde verliese te minimaliseer, raai ons u aan om u eie kansellasievoorwaardes in u kontrakte met kliënte te hersien, om vas te stel of u verplig is om enige terugbetalings te doen.

V: Watter kontinuïteitmaatreëls, rakende versekering, behoort oorweeg te word tydens hierdie krisis?

U mag moontlik in ‘n situasie wees waar dit nodig is om maatreëls te oorweeg om kostes te verminder om te verseker dat u besigheid hierdie pandemie kan oorleef. Versekering word dikwels eerste gekanselleer, maar ons wil u bewus maak van die risikos wat daarmee gepaard gaan. Indien bedrywighede tydelik opgeskort word sal daar steeds versekeringsrisikos en blootstelling wees waarteen dekking benodig sal word. Kontak asseblief u versekeringsmakelaar om die herstrukturering van u versekeringsportefeulje gedurende hierdie onsekere tyd te bespreek.

Inisiatiewe wat bespreek kan word, sluit in, maar is nie beperk nie tot die volgende nie:

- om die risiko's en dekkings te identifiseer wat nie van toepassing of toepaslik sal wees tydens hierdie inperking nie.
- Hersiening van motorportefeulje – dekking vir voertuie geparkeer en nie in gebruik nie kan moontlik aangepas word na dekking vir slegs derde party, brand en diefstal in plaas van omvattende dekking.
- Hersien en pas versekerde waardes van items, bv voorraad aan.
- Hersiening van tariewe waar geregverdig en moontlik.
- Die hersiening van vooruitskattings van omsette en fooi-inkomste, aangesien dit die premie berekening sal beïnvloed.
  (Neem asseblief kennis dat die bogenoemde slegs voorbeelde is en dat ons u nie kan waarborg dat dit wel van toepassing sal wees op u spesifieke versekeringsportefeulje nie.)

V: Dek my versekeringsdekking Force majeure?

Die "Force majeure" Klousule (Frans vir 'Superior Force') is 'n kontrak voorsiening wat partye vrystel om hul kontraktuele verpligtinge uit te voer wanneer daar sekere omstandighede buite hul beheer ontstaan wat die behaling van prestasie onraadsaam, kommersieel onuitvoerbaar, onwettig of onmoontlik maak. Hierdie klousule kan wel in u kliënte se kontrakte aangebring wees. Indien wel, kan dit die klousule aktiveer wat beteken dat u verplig is om deposito’s of betalings ten volle terug te betaal. Dit is 'n kontraktuele aangeleentheid en nie 'n versekeringsaangeleentheid nie. Daar is geen dekking hiervoor op u kortermynversekeringsportefeulje nie en word u aangeraai om u regsadviseur in hierdie verband te raadpleeg.

V: Hoe reageer versekering op 'n Nasionale inperking?

'n Direkte opdrag deur die Regering is om u besigheid in te perk, word nie gedek deur korttermynversekeringspolisse nie. Histories is daar in ander lande gesien dat die regering fondse beskikbaar stel vir hierdie tipe finansiële blootstelling. Daar is egter geen waarborg dat dit sal plaasvind nie.

V: Wat is my wetlike verpligtinge gedurende hierdie uitbreking?

Ons het navrae ontvang wat verband hou met wetlike regte en verpligtinge. Weens die feit dat ons nie regsadviseurs is nie, is ons ongelukkig nie in staat om ons kliënte in hierdie verband te adviseer nie. Ons beveel aan dat u, u regsadviseur kontak vir enige navrae van 'n wettige aard.

Wees verseker van ons voorkeurdiens te alle tye.

Vriendelike groete

Willem Bantjes
Bestuurder : Korttermynversekering